

15 September

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 3:1-5
Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 3:1-5

God het vertroue in ons!

Ons word opgeroep om voorbedding te doen vir die uitbreiding van die evangelie. Hierdie gebed betrek ons by die stryd tussen lig en duisternis en herinner ons daaraan dat omstandighede deel uitmaak van daardie stryd. Hoe meer my leefwêreld my ontstel, hoe dringender behoort hierdie gebed te word.

Saam met hierdie oproep kom die versekering: God is getrou! Hy sal ons versterk en bewaar. Hy maak lam knieë stewig. Hy rig die moeë gees op. Wie by Hom hulp soek, ontvang krag en lewensmoed. So pantser God ons gees sodat ons weerstand kan bied teen die aanslae van die Bose.

Soms wanhoop ons selfs oor die kerk. Luister dan na die merkwaardige uitspraak wat die Gees oor ons maak: Die Here het vertroue in ons! Hy sal sorg dat ons sy wil uitvoer. Trouens, juis deur gehoorsaam aan Hom te leef, sal ons weerstand bied. Krisistye wek dus 'n dringende soeke na God se wil. Daarin lê die oorwinning.

Dan moet ons ook reg fokus. Sien minder die negatiewe raak en let op die liefde van God en die lydsamheid van Christus. Wanneer ons op God se liefde fokus, word dit die motiverende dryfkrag van ons lewens. Die positiewe handeling van God in ons laat ons positief handel teenoor ander.

Word ons lewenslas baie swaar, weeg ons dit teen die lydsamheid van Christus. Hoeveel het Hy nie gedra om ons vry te maak nie!

Daarom bly ek vertrou op God se trou. Daarom wanhoop ek nie oor die kerk nie. Daarom maak ek 'n verskil deur Jesus se liefde op aarde te laat skitter. En daarom laat ek nie toe dat negatiewe mense en negatiewe gebeure my geestestoestand bepaal nie.

Sing: Psalm 103:1, 3

Ds D Pansegrouw (Oos-Londen)